# Laerskool Jan van Riebeeck

*Adres* | Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001
*Webtuiste* | laerskooljanvanriebeeck.co.za
*E-pos* | ontvangs@jvrprim.co.za
*Tel* | 021 423 4209

**20 Januarie 2026**

**TUSSENTYDSE BEHEERRAADSVERKIESING 2026**

Kennisgewing van Benoemingsbevestigingsvergadering en Verkiesing Verkiesing van Ouers tot Beheerliggaam. (Regulasies 18 en 19 van die Regulasies op Prosedures vir die Verkiesing en Instelling van Beheerliggame by Openbare Skole, 2024)

NAAM VAN SKOOL: **Laerskool Jan van Riebeeck EMIS-NOMMER: 103309268**

Kennis geskied hiermee soos volg:

l. Twee ouer-lede van die Beheerraad het einde 2025 bedank. Dus moet die twee vakatures gevul word.

2. 'n Ouer van 'n leerder wat die bogenoemde skool bywoon, wie se naam op die kieserslys van die skool is, mag enige ander ouer van 'n leerder wat die skool bywoon wie se naam op die keiserslys van die skool is benoem, of sodanige ouer se benoeming sekondeer, deur 'n voltooide benoemingsvorm teen nie later nie 04 Februarie teen 12:00 by die skool af te lewer. Benoemingsvorm by ontvangs (Adri) beskikbaar.

3. 'n Benoemingsbevestigingsvergadering, wat deur benoemde ouers bygewoon mag word, sal gehou word indien nodig op-

(a) **Datum**: 05 Februarie 2026 **Plek**: Skoolsaal **Tyd**: 18:00

om die volgende sake af te handel:

(i) alle benoemings te oorweeg;

(ii) alle benoemings te verwerp wat nie verkiesbaar is nie of wat nie behoorlik voltooi is nie; en

(iii) 'n lys opstel van benoemde ouers wat kwalifiseer om kandidate te wees.

4. Enige persoon mag 'n beswaar teen enige benoeming skriftelik by die skoolkiesbeampte, mnr. Chris Storey (Skoolhoof van LS Kampsbaai) aanteken teen 16:00 op 10 Februarie 2026.

5. 'n Aanlyn Verkiesing (VotingCrowd) sal gehou word op **Maandag, 16 Februarie** vanaf 06:00 – 18:00.

6. Die volgende huidige Beheerraadslede (tans gekoöpteer) het hulself vanjaar weer verkiesbaar gestel:

---

- Oloff Sieberhagen
- Sybil Muller (Tesourier)

---

7. Indien die getal benoemde ouerkandidate gelyk is aan die getal lede wat verkies moet word, en hulle verkiesbaar is om as lede in die beheerliggaam te dien, sal die ouerkandidate as verkose lede van die beheerliggaam geag word, en daar sal geen verkiesing wees nie.

9. Indien die getal benoemde ouerkandidate meer is as die getal lede wat verkies moet word, en hulle verkiesbaar is om as lede in die beheerliggaam te dien, moet 'n verkiesing gehou word.

10. Indien die getal benoemde ouerkandidate minder is as die getal lede wat verkies moet word, en hulle verkiesbaar is om as lede in die beheerliggaam te dien, moet die skoolkiesbeampte verklaar dat die ouerkandidate na behore verkies is, en verdere benoemings van ouerkandidate aanvra.

21/1/2026

DATUM

HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

ADRES:

Skoolstempel

CAMPS BAY PRIMARY SCHOOL
DUNKELD ROAD, CAMPS BAY, 8005